14 April 2019

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Psalm 118:1-2 en 19-29

wat wil jy vandag **bereik?**

Ons vier Jesus se kruisdood, al is ander mense nie noodwendig opgewonde daaroor nie.

ons **storie:** waar is ons nou?)

Hoe hanteer mense in vandag se tyd iemand wat belangrik is? Hoe weet ons wanneer mense dink iemand is belangrik?

Wat was alles ironies van Jesus se lewe en sy boodskap? (Jesus was byvoorbeeld 'n Koning, maar Hy is in 'n krip neergelê)

Watter feeste vier mense graag vandag? Is Paasfees een daarvan? Hoekom of hoekom nie?

GOD se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

lees **Psalm 118:1-2 en 19-29** saam as 'n groep.Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

Ter wille van gemeentes

wat gewoond is aan die ritme

van **Kontak-kategese**,

plaas ons in hakies

hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat **NOUS** weggestap het van Kontak-kategese. **NOUS** se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Vou kruisies van die "linte" van palmtakke. Daar is heelwat Youtube video's beskikbaar wat wys hoe dit gedoen kan word. Die kinders kan die kruisie huis toe neem of vir iemand anders gaan gee.

gesels dan oor die volgende saam

- Wat leer Manie Muisenberg ons van ironie? Is dit deel van die storie, of is dit net Manie wat dit raaksien?
- Party mense het Jesus verwerp, en ander mense het Jesus aanvaar as die Seun van God. Hoe help dit ons om Psalm 118 te verstaan vandag?
- Mense het met Jesus se intog in Jerusalem oor Hom gesing en Hom geprys. En 'n paar dae later was dieselfde mense gereed om saam te skree dat Hy gekruisig moet word. Hoe is so iets moontlik?
- Hoekom was dit vir Skrifgeleerdes moeilik om Jesus te herken as God se Seun? Hoekom sou ander mense Hom herken as die Seun van God?

ons **nuwe storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Paasnaweek is volgende naweek. Dit is ons belangrikste fees in die jaar. Wat kan jy doen om dit te vier?

Hoe help Palmsondag jou vandag om die Here te volg?

As Jesus op 'n donkie by Jerusalem ingegaan het ('n teken van nederigheid), hoe behoort ons geloof in Jesus vandag te lyk?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Bid vandag sinne uit Psalm 118 saam.

Bid dat julle Jesus getrou sal dien, al beteken dit dat ander mense nie daarvan sal hou nie.